# Die Sierduif

December / Desember 2024

# The Fancy Pigeon



Elsabè van der Walt
Gebore - 10 Oktober 1963
Oorlede - 27 Oktober 2024

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe

Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV

## *SUID-AFRIKAANSE SIERDUIFVERENIGING / SOUTH AFRICAN FANCY PIGEON ASSOCIATION*

### *Ere-Presidente / Honorary Presidents*

*Mnr. Warren Klopper    Mr. Clive Druce*

*Mr. Stewart Patterson    Mnr. Wynand Wessels*

*Ds. Renier Lee    Mnr. Pierre le Roux*

*Ds. Hennie Hattingh*

### *Uitvoerende Komitee / Executive Committee*

### *Nasionale / National President*

*Chris de Bruin, Posbus 906268, Magalieskruin. 0150 Sel: 082 426 8703 E-pos: tiaandebruin0@gmail.com*

### *Nasionale Vise-President / National Vice-President: (Gekoöpteer)*

*Leendert Snyman, Posbus 41, Griekwastad, 8365, Sel: 083 286 8496, E-pos leendert270@gmail.com*

### *Nasionale Sekretaris / National Secretary:*

*Gerhard van Aswegen, Posbus 2792, Krugersdorp, 1740, Sel: 082 921 1747, E-Pos: gjtlofts1@gmail.com*

### *National Treasurer / Nasionale Tesourier:*

*Bertie Wessels, Posbus 1085, Bothaville. 9660 Sel: 083 733 4191, E-Pos: bertie_wessels@hotmail.com*

### *National Ring Master / Nasionale Ringmeester:*

*Robin Prince, 53 Mangold Street, Newton Park, Gqeberha, 6045 Sel: 082 957 6773 / 082 565 9022,*

*E-pos: safpa.rings@telkomsa.net*

### *Nasionale Redakteur / National Editor:*

*Cora Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2499 Sel: 076 313 2873, E-Pos: coramunnik@gmail.com*

### *Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges Officer:*

*Christo Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2449 Sel: 076 391 5800, E-pos: cora.christo@gmail.com*

### *Nasionale Jeugverteenwoordiger / National Youth Representative*

***Huidiglik vakant***

### *Streekverteenwoordigers / Region Representatives*

***Noord-van-die-Vaal:*** *Shaun Smeda, 6 Shirley Road, Valhalla, Centurion, 0185 Sel: 072 190 0345,*

*E-pos: Shaunsmeda@intercape.co.za*

***Vrystaat:*** *Chris vd Walt, 1 Stanton Street, Fichardpark, Bloemfontein. 9301 Sel: 082 378 6447,*

*E-pos: plakkers@wol.co.za*

***Wes Kaap:*** *Pieter Neethling, 21 St Thomas Street, Malmesbury, 7322 Sel: 081 397 9960*

*E-pos: thehaircorporation12@gmail.com*

***Noord-Vrystaat:*** *Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082 855 0089,*

*E-pos: pietodendaal01@gmail.com*

***Oostelik Streek:*** *At van Jaarsveld, Posbus 3568, Middelburg, 1050, Sel: 072 368 1214,*

*E-Pos: atvanjaarsveld@gmail.com*

***Noord Kaap:*** *Seppie Esterhuisen, Posbus 52, Upington, 8800 Sel: 082 559 1132,*

*E-Pos: seppie.esterhuisen@gmail.com*

***Oostelike Provinsie:*** *Johan Botha, Posbus 604, Hunters Retreat, Gqeberha, 6017 Sel: 073 279 3562,*

*E-Pos: jarbotha.48@gmail.com*

***Suid Westelike Distrikte:*** *Arthur Muller, Condonstraat 37, Oudtshoorn, 6620 Sel: 072 821 9400*

*E-pos Amuller@capekarooint.com*

***Wes-Transvaal:*** *Awie Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 084 682 0143,*

*E-Pos: pyp.esterhuizen@gmail.com*

***KwaZulu-Natal:*** *Duane Schwarz, 33 McLean Street, Umkomaas, 4170, Sel: 084 207 1617,*

*E-Pos: duanesschwarz70.co.za*

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873


# Editors page / Redakteur se blad

### *Indeks / Index*


Algemene inligting van die SASV 2
Voorwoord - Cora Munnik 3
Kers- en Nuwejaarswense - Chris de Bruin 4
- Arthur Muller 4
- At van Jaarsveld 5
- Wes-Tvl Streek 5
- Esterhuizens 5
- Leendert Snyman 5
Huldeblyke Elsabè vd Walt
- Chris vd Walt 6
- Elzaan Hamman 9
- Christelle Odendaal 11
- Junior vd Walt 11
- Pieter Neethling 12
Vierde Beierse Kropperskou - Jan Lombard 13
Huldeblyk Hennie Visagie - At van Jaarsveld 14
Scoreboard and Rules 16


### *Verjaarsdae / Birthdays*

| | | | |
|---|---|---|---|
| A057* | - | Cyril Jasper | 01-Jan |
| H019 | - | Tom Ryke | 01-Jan |
| K012 | - | Ryan vd Schyff | 02-Jan |
| W074 | - | Wian Muller | 02-Jan |
| V062 | - | Hannes J van Rensburg | 04-Jan |
| J032 | - | Charles Pawson | 04-Jan |
| H043 | - | André Grobbelaar | 06-Jan |
| H017 | - | Danté Pelser | 09-Jan |
| B038 | - | CullemLee | 15-Jan |
| H079 | - | Ashel Muza | 18-Jan |
| W075 | - | Nardus Marais | 19-Jan |
| J034 | - | Evan Bell | 20-Jan |
| W001 | - | Routjie Roux | 24-Jan |
| B008 | - | Phillip Swemmer | 24-Jan |
| D045 | - | Awie Esterhuizen | 26-Jan |
| N057 | - | JM & KJ Lofts | 29-Jan |
| V060 | - | Karlien van Tonder | 31-Jan |



## *Voorwoord*

***Cora Munnik***

Hier staan ons weer aan die einde van nog ‘n jaar - 2024, vir party was dit ‘n wonderlike jaar en vir ander ‘n jaar wat hul liewer wil vergeet.

Ons as duiwe familie het heerlik saam geskou, maar ons het ook van ons vriende en steun pilare aan die dood afgestaan, Lotie Geyer (oud lid) wat lank by Noord Vrystaat betrokke was, oom Fourie Cronje ook van Noord Vrystaat, Attie van Aswegen ons groot staatmaker in Noord Vrystaat en op die UK, Oom Hennie Visagie van Oostelike Streek wat baie betrokke was by hulle streek en dan Elsabè van der Walt van Vrystaat Streek wat altyd besig was by skoue, hetsy met admin of kos of beoordeling, sy was altyd bereid om te help. Sy was nie net ‘n mede duiweboer nie, maar ook ‘n goeie vriendin.

Met ons gesin het dit hierdie jaar ook maar moeilik gegaan want Christo het werklik baie gesukkel met sy gesondheid. Gelukkig lyk dit darem of daar ‘n lig in die tonnel is en hy voel heelwat beter.

Leanè moes ‘n operasie ondergaan aan haar arms en bene, om die spiere te verslap en altwee haar heupe moes in hulle potjies geplaas word. Sy was vir 6 weke in gips en dit lyk asof alles die moeite werd was.

Gelukkig was daar ook vreugde vir ons want ons het ‘n agterkleinseun ryker geword.


Ek wil darem ook dankie sê aan almal wat bydraes gelewer het vir ‘Die Sierduif’, dit maak my werk net soveel makliker as daar iets is om mee te werk. Hou asseblief aan met die skryf van artikels en die wat nog nooit geskryf het nie, probeer net en jy sal sien dis nie so moeilik nie.

Mag julle almal ‘n wonderlike Kersgety beleef saam met julle geliefdes en mag 2025 vir julle alles wat mooi en goed is inhou.

Baie dankie Here vir die krag en genade om hierdie wonderlike duiwe stokperdjie te kan beoefen.


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *Kers- en Nuwejaars wense*

***Chris en Theresa de Bruin***

So staan ons weer voor 2024 se agterdeur. Ons is almal by die voordeur in en voor ons onself kon kry staan die agterdeur oop en 2025 klap sy vlerke soos 'n wafferse sierduif vir ons.

Wat `n jaar was dit, maar ons staan sterk en glo en vertrou 2025 gaan beter wees.

Baie van ons is deur beproewings die jaar. Party lede of geliefdes van lede was of is baie siek. Ander moes die groot geloofstap geneem het en die Here vertrou met die pad wat Hy vir hulle uitgekies het. Ons dink aan hulle wat hul eerste Kersfees sonder hulle geliefdes moet vier. Staan sterk, julle weet waar julle anker is en onthou daar is nog steeds baie duiwevriende wat net 'n oproep of whatsupp vêr is. Moenie moed verloor nie. Hiermee wil ek ook net vir almal sê, wees dankbaar vir alles wat jy het en vir alles wat jy nog kan doen.

Ongeag wat 2024 na ons kant toe gegooi het, wil ons elke persoon bedank vir sy/haar ondersteuning. Weer het ons gesien, mense verskil maar ons kan nooit almal tevrede stel nie. Ongeag die verskille, kon ons ook darem baie lag en was daar ook meer as genoeg vriende wat ons met hulle grappe beter laat voel het.

Kom mense, met hierdie laaste Kersboodskap as President van die SASV wil ek regtig vra, dat almal in 2025 sal saamwerk. Los die humeure, ontevredenheid en alles wat altyd opvlam by Skoue, op duiwegroepe ens by 2024 en kom leef jou passie uit met jou duiwe en kom kuier lekker by almal op al die Skoue wat jy kan bywoon in 2025.

Laat ons 2025 met opgewondenheid groet. Onthou jou familie, vriende en almal wat jou pad kruis is kosbaar en is daar vir 'n rede. Moenie dat spyt jou iewers by een van die kruispaaie kry nie, dan is dit te laat.

Hiermee wil ek ook elkeen bedank vir die vertroue wat julle in my gehad het om as President te kon dien en ook vir die ondersteuning. Ek sluit af met net die mooiste wense van my en Theresa vir ieder en elk saam met julle geliefdes en vriende hierdie Kerstyd en wens julle ook 'n geseënde en wonderlike 2025 toe.

Chris en Theresa de Bruin

---



## *Wense vir die feesseisoen (SWD streek)*

***Deur Arthur Muller.***

Namens myself en die SWD Sierduif Klub, wil ons vir elke lid van die SASV n voorspoedige feesseisoen toewens. Mag julle die tydperk saam met julle familie en vriende geniet en weer opnuut die teenwoordigheid van ons hemelse vader ervaar asook sy liefde, genade en goedheid vir elkeen van ons. Daar is ook hierdie jaar persone wat geliefdes aan die dood moes afstaan. Ons gebed is opreg en daarom vra ons vir die hemelse vader om julle in hierdie moeilike tyd by te staan, te vertroos en voorsien van wat julle ook al mag benodig uit sy hand.

Vir 2025 kan ons net bid vir gesondheid, krag, genade en insig vir ons elkeen. Ons sien uit na die nuwe jaar van 2025, en mag julle welkom voel om hier in die SWD te kom skou en ons gasvryheid te ervaar. Seenwense.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



***Kers- en Nuwejaars Wense***

***At en Riana van Jaarsveld***

Namens Oostelike Streek lede wil ons al ons SASV vriende en hulle families 'n Geseënde Kersfees gevul met Hoop, Blydskap, Liefde en oormaat van geluk toewens.
Mag julle voorspoed en genade vir 'n wonderlike nuwe jaar beleef.

At en Riana van Jaarsveld



***Kers- en Nuwejaars Wense***

***Vanaf Wes Transvaal Streek en die Drie Esterhuizens Awie, Daleen en Marleen***

Die einde alweer hier


So het nog 'n jaar verby gevlieg waar almal aan verskeie duiwe skoue deelgeneem het. Van Wes-Tvl se kant af wil ons graag die hele duiwe-familie 'n geseënde kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar toewens. Mag elkeen van julle met 'n goeie broeiseisoen die jaar uitstap en die nuwe instap met 'n goeie span duifies wat amok gaan maak op die skoue.

Duiwe groetnis
Wes-Tvl

Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2025

Vanaf die Esterhuizen gesin in Klerksdorp wens ons almal 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar. Vir die wat op die paaie gaan; wees versigtig en kom veilig terug. Kom ons vat hierdie nuwe jaar en gaan groot en voluit in alles wat aangepak word.

Duiwe Groete
Awie, Daleen en Marleen



***Kers boodskap***

***Leendert Snyman***

2024!!! 'n Jaar propvol hoogtepunte maar ook laagtepunte, 'n jaar met baie vreugde maar ook hartseer. Kom ons behou die goeie van 2024 en ons bou daarop voort in 2025. Vanaf die Noordkaap se lede wens ons u elkeen 'n mooi en ñ geseënde Christusfees toe. Mag u die seën en die troos van ons verlosser in hierdie tyd ervaar en saam met familie en vriende deel.

Groete Leendert Snyman en
Noordkaap se duiweboere

Cora Munnik
Nasionale Redakteur




Teel met Portuguese Tumblers
e-mail: coramunnik@gmail.com
Sel: 076 313 2873

Oktober 2023



# Hulldeblyke - Wyle Elsabè van der Walt



**_Blonde Yster._**

**_Chris van der Walt_**

Waar begin ek?

39 jaar en 9 maande terug het ek die ja woord gevra en gekry. Ek het Elsabe Van Sandwyk verander na Elsabe Vd Walt. Dit was een van die beste dinge wat ek gedoen het.

Hierdie girl het my bygestaan in alles. Ek het baie droog gemaak en dan het ek kwaai raas gekry. Sy en Dries Vd Walt wou my meer as eenkeer stukkend kap en oor bou.

Ek en sy het n nou band gehad wat ons nie met sommer enige iemand gedeel het nie. Daai deel was vir ons twee.

Ek doen Gillian Barre Syndroom op. Ek het nie n testament nie. Een moet in hospitaal opgestel word. Sy reël alles. Sy gryp ons huishouding en sy gaan met dit aan asof niks fout is nie. Dit terwyl ek kapoet lê en junior sy operasies moet kry. Daai blonde Yster druk deur. Toe ek eventually weer kan begin werk is ons finasieel so verwoes dat daar baie dae nie kos is om tee et nie. Sy toor uit niks uit nie iets en ONS moet dit by die tafel eet. Sy bly die heeltyd smile en sê net ons is fine. Sy help my met al my 'schemes' om die gesin aan mekaar te hou.



Woeps en eendag kry Wynand Wessels n beroerte. Ons gaan sien hom toe hy, in dieselfde mediese sentrum waar ek gelê het, op geneem word. Daar het sy vir my gesê dat sy tog asseblief nie eendag daardie beker sal wil drink nie, min het ons geweet. Ek gaan nou eers klaar huil

Dit gaan met ons baie beter en ons maak planne. Ons het drome van aftrede en dan wil ons ook gaan reis en toer en vakansie en en en. Die oggend van die 9de September 2021 begin soos enige ander

Christo Munnik
Nasionale Beoordelaarsbeampte



Teel met Roller duiwe vanaf 1963
en met Birmingham Rollers vanaf 1980
Teel nou ook weer met Barbs
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Oktober 2023

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

oggend. Ons loop na die bakkie. Sy laat val haar sleutels en sê vir my “Chrisjan ek sukkel om die goed vas te hou”. Sy wil gaan werk. Sy sukkel met haar kruk en swart plastiese boot in kantoor toe.



Ek ry brandweer toe. 2 blokke verder kry ek die oproep ek moet kom daar is GROOT FOUT. Ons bondel haar onserimonieel in die trok en ek RY. Terwyl ek ry bel ek my pelle. Die Dr pel se hy wag vir my by noodgevalle. Daar is dit woerts warts en sy is in die bed. Ek en sy gesels asof saar niks fout is nie. Ek loop om vir ons koeldrank te gaan koop. Kom terug en sy is nie daar nie. My suster pel se vir my sy is ICU toe. Ek kom by die ICU aan en my wereld breek in n miljoen stukke. Ek sien hulle skarel ek sien hulle SKARREL ERG. Ek word net eenkant toe gedruk om plek te maak vir nog masjiene. Ek ken poef hier is poef. Hier lê my Yster gebreek en ek kan niks doen behalwe huil nie. Ons weet nie of sy gaan leef nie. SY HET BEROERTE GEHAD. Haar vrees en myne is bewaarheid.

Die kinders en Pieter Neetling word gebel en almal het duisende vrae en ek het geen antwoord nie. Ek wat ander se EMERGENCIES hanteer kan nie hierdie een hanteer nie. Die Dr kom uit die aand 10 uur en kom praat met my. Hy is baie reguit en draai nie doekies om nie. Oom sy sal nooit weer werk nie, asof ek vir dit omgee. Sy sal nooit weer haar linker arm kan gebruik nie. Sy sal dalk n paar tree kan loop as dit baie goed gaan met hulp.

So begin ek huis verander. Ons koop ‘n hospita-al bed en kry alles reg vir haar tuiskoms. Die dae word meer en meer. Sy bly swak. Sy gaan “step down” toe. Ek is verheug want dis ‘n Saterdag en die fisioterapeute stuur vir my ‘n foto waar my geb-reekte Yster self regop in haar rol stoel sit. Dis ‘n reuse prestasie. Ek slaap daai nag soos n baba die eerste keer van Septembermaand af, more is dit dit 01 Oktober 2021. Sy verjaar die 10 de. Sondag oggend die 2de oktober bel ek om te hoor hoe was haar nag? Die nurse sê sy kan nie nou met my praat nie hulle het n nood geval. Ek wag n half uur en bel weer. My Yster het sepsis en is in n koma in die icu op geneem. Woeps daar val die wereld en die nuwe drome weer skerwe.

My plaas trok word verniel na hierdie ICU toe. Weer is ek n toeskouer van langs die bed chaos. Ek skuif

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

hierdie keer sommer self want ek raak huilerig. Die Dr sê weer vir my "oom ek het alles gedoen wat ek kon. Ons sal oor 3 dae weet". Weet julle hoe lank is 3 dae?

Weer is dit kinners bel en vir Pieter Neetlingh. Almal het weer die vrae en ek het nie antwoorde nie. Die nagte raak lank en alleen. Die duiwel maak jou klomp poef wys as dit so donker is en jy is alleen. Yster sukkel om te sluk. Ek voer haar met n 2 ml spuit bietjies coke want haar lippe lyk vir my droog. Die suster verskreeu my en ek word weg gejaag. Ek is die volgende dag terug en ek doen dit weer. Die 2ml coke raak weg. Dan moet Yster mos sluk. Coke is suiker, suiker is energie. Suster se agterend ek doen dit elke dag vir meer as n week. Hulle lig vir Yster uit haar toestand uit. Sluk is maar BAIE moeilik. Maar sy wil met gebare taal net coke hê. Ek smile.

16 desember kom Yster uiteindelik huistoe. Ons is mal bly. Ek is uit my vel uit. Ons het goed gebou om die lewe by die huis makliker te maak. Woeps daai oggend van die 17de Desember val ek en Yster saam langs die bed in ons kamer. Dit kos my bel om hulp te kry om my Yster te kom help optel. Sy is toe nie so sterk as wat hulle by die hospital vir my gemaak glo het nie.

Nou begin die 3 jaar lange versorging by die huis. Dit is n moeviese plesier om net vir haar daar te hê sy is redelik normaal maar fisies gestrem. Ons gaan deur n klomp dinge, maar ons is saam. Elzaan en haar man skei en sy kom terug huistoe. Ons klomp dikkes gaan saam op verlof. Dis n fees Pieter en Natalie word gekuier. Alles loop mooi en dit gaan rerig goed. Yster word sterker.

7 Mei 2024 bel die careworker my by die werk en sê sy kry nie vir Yster wakker nie. Weer moet die plaastrok maar dit ontgeld. Ek bel in die ry my pelle by die ambulans diens. Ek en hulle kom saam saam by die huis aan. Weer eens word ek eenkant toe geskuif vir n geskarel om die bed van my Yster. Hulle laai met spoed en ry. Ek volg. Kom by die hospitaal kry ons weer mooi behandeling. Dr doen nog toetse en kom se Yster het nog n beroerte gehad. Die keer is die n klomp dele wat klomp goed beheer, aangetas. Die siekte het Yster se normale denke weg gevat. Yster is nou soos n baba en moet 24 uur n dag opgepas word. Die basiese dinge moet sy mee gehelp word. Sy moet gevoer word. Sy het min helder oomblike. As dit helder is dan buit ek dit uit vir egpaar gesels. Ek moet nou **DIE** besluit neem. Ek moet n plek kry wat mooi na my Yster sal omsien en mooi sal kyk. Ons kry so n plek. Ek moet gaan geld leen om vir Yster daar in te sit. Ons maak kamer mooi en doen alles. Yster is nie altyd gelukkig daar nie. Ek huil ten minste 2 dae uit die sewe van n week as ek daar weg ry. Yster is baie deurmekaar maar ons kan nie sien wanneer dit so is nie. Sy jaag my meer as eenkeer weg, sy vloek die personeel. Sy gooi kos rond, sy breek borde. Ek moet net olie op die water gooi want dit is nie my Yster se manier nie. Dis die MONSTER siekte.

Yster word al swakker. Sy word Dinsdag 22 Oktober weer opgeneem met 'n lae bloed druk. Ek is nie te geworried nie sy is dan n hoë bloedruk

The south africa Modena Club

President: Johan Nel
Email: johan_nel@bat.com
Sel: 082 474 4088

Sekretaris: Dawie vd Heever
E-mail: dawievdh@telkomsa.net
Sel: 079 918 0433





Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

lyer. Woensdag oggend is die bloed druk met medikasie nog laag. Nou begin ek worry... almal kyk vir my vir antwoorde. Ek het dit nie, Yster sukkel nou erg. Hospitaal toe gaan word nou n marteling. Ek byt vas en ek gaan tot 4 keer ‘n dag. Ek ken elke personeel lid. Ek het hulle almal opgelei. Dis erg. Donderdag oggend kry ek n boodskap, Dr wil my sien, ek het dadelik maagwerk van vrees. Hy sê vir my” oom die tannie se resewes raak nou min. ek het nou alles gedoen.“

Nou as jou wereld nog nie uit mekaar uit gemoer het nie, wag tot jy daai boodskap kry van jou venoot van 40 jaar, jou Yster wat jou terug versorg het tot in die lewe. Ek moet weer die kinders bel. Vrydag middag seen die Here ons met n baie helder ouma en Yster. Ons het almal tyd om te groet. Rerig, vir wie lieg ek nou? Ons almal val nou uit mekaar uit. Ek byt vas want dit word verwag. Ek reël dat Pieter Neetlingh, Yster se grootste pel, vir haar kom groet Saterdag aand na die Show Racer dag. Hy groet en praat moed in. Ons hou Yster se klein kinders weg want ons wil nie hê hulle moet haar so sien nie. SY LEI ERG. Sondag breek die wal en die klein kinders kom groet. Yster is net na dit weg.

Dink julle dis nou oor???? O flip nee nou begin die volgende hel! Die wete dat jy nou alleen is en nie meer kan bel nie, nie meer kan gaan kuier nie, blomme wat jy nou raak sien, goed wat ons saam gedoen het. Die lewe gaan aan maar Yster is nie meer daar vir raad en n drukkie nie. Dis sleg.

Yster hou asb vir my plek langs jou daar in die hemel. As jy steek met die speld daar van bo af steek tog maar sag asb.



## *Liewe Ouma Elsa*

***Elzaan Hamman***

Vandag sit ek stil en dink aan die ongelooflike mens wat Ouma was, ‘n sagte siel met die mooiste hart. Ouma het die wêreld mooier gemaak met haar geduld, haar deernis en haar onweerstaanbare sin vir humor. Ouma wou altyd net help – nie net vir ons kleinkinders nie, maar ook vir ons as kinders. Wanneer daar moeilikheid was of ‘n pakslae in die lug gehang het, was Ouma altyd die een wat keer – met ‘n sagte woord en ‘n glimlag wat almal se harte kon smelt.

Ons wipplank laggies is iets wat ek altyd sal onthou en koester. So groot soos ons ook al was, het daardie simpel, eenvoudige oomblikke ons harte gevul met blydskap. Ouma se liefde vir pret, haar ondeunde grappies en die snaakse sêgoed het die lewe ligter gemaak. Sy het altyd geweet hoe om ons dag op te helder.

En dan, natuurlik, was daar Ouma se kos – o, daardie kos! Ouma het nie net kooklesse gegee nie, maar ook lewenslesse. Ouma het my en Stel-

**Uil & StrikduifKlub**

*Spesialiteitsklub vir:*

*Afrika Uile, Chinese Uile, Italiaanse Uile, Ou Duitse Meeu en Oriental Frill (Blondinette en Satinette)*

**President : Shaun Smeda - 072 190 0345**
**Sekretaris: Leendert Snyman - 083 286 8496**
**leendert270@gmail.com**



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

la geleer dat daar geen kortpaaie is nie – in die kombuis of in die lewe. Haar fyner kunsies, heerlike resepte en spesiale bederfies is vir ons soos 'n skat in ons harte.



Ek onthou hoe Ouma altyd saam met Stella se vriendinne gespook het – dalk nie op die dansvloer nie, maar met haar aansteeklike gees as cheerleader. En as daar speletjies was,kon niemand by Ouma kers vashou nie – veral nie met Cherdes nie!

Ouma se liefde vir haar kleinkinders was altyd duidelik. Oupa moes gereeld ry om 'n lekkertjie te gaan koop, maar Ouma het altyd 'n plan gemaak. Sy het geweet waarvoor ons lief was en het altyd iets spesiaals gereed gehad, al was dit net 'n toffie. En daardie Rolo-stories – ek sal nooit vergeet hoe Ouma skelm haar lekkertjies geniet het nie, met 'n vonkel in haar oog en 'n lag wat almal aansteek.

Ek onthou al die skoue – die knypkoeke, flesse koffie en kosmandjies wat Ouma met soveel liefde voorberei het. Ek het ure lank gesit en kyk hoe Ouma haar duifies regmaak, die detail waarmee sy dit gedoen het, en die opgewondenheid wanneer haar kartels uitgehaal is en die kompetisie stof in die oë gekry het. Dit was prysloos.

Ouma het my soveel geleer – hoe om die snoepie by skoue te reël, die kos vir funksies, en later selfs die administrasie vir die streekskoue. Toe die skou in Mei aanbreek en Ouma opgeneem is die Woensdag voor die tyd, was ek paniekbevange, maar tog rustig, want ek het geweet Ouma het my goed voorberei. Ouma het my geleer om nooit in myself te twyfel nie – maak nie saak hoe groot die uitdaging is nie. Daardie Saterdag het ek opgestaan en vir myself gesê: "Today we fake it until we make it." En Ouma, ek is trots om te sê dat die skou 'n groot sukses was. Cheers, Ouma, op nog skoue – wie gaan nou vir ons sulke oulike idees gee vir die Bloemskou? Dit was altyd die hoogtepunt vir Ouma. Ouma was die hart van ons gesin – ons veilige hawe, ons grootste ondersteuner en ons bron van lag en liefde. Al is Ouma nou weg, sal sy altyd diep in ons harte voortleef. Die lesse wat Ouma ons geleer het, die liefde wat sy gegee het en die herinneringe wat ons saam gemaak het, sal ons altyd koester.

Dankie, Ouma, vir wie Ouma was. Ouma was vir ons almal 'n een-in-'n-miljoen mens. Ons mis Ouma vreeslik, maar ons weet dat sy nou 'n spesiale plek in die hemel het, waar sy met haar sagte glimlag oor ons waak.

Met al my liefde,
Ellie Cat (Elzaan )

Suid-Afrikaanse Homer Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Huidig;ik vakant

Augustus 2024




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *Het ma dalk ......*

***Christelle Odendaal***

Ma... Het ma dalk al kans gehad om uit te vind of daar ‘n telefoon in die Hemel is? En wat is die nommer? Is dit mooi daar? Sien ma ons, en is ma darem trots op ons?

In die maand sonder ma het die aarde aanhou draai en die Bokke al hulle games gewen ,maar die gat in my hart NIKS kleiner geword nie.

Mamma die nuwe normaal is bitter sleg! Ek mis ma, hoekom het ma my nooit voorberei Om die lewe sonder ma te face nie?

Ek hoop ma rus lekker, hou die Hemel solank oop vir as ek kom. Lief vir ma.






## *‘n Huldeblyk aan my ma.*


***Junior van der Walt***

As jy vir enige iemand moet vra wat beteken die woord ma, sal die antwoorde min of meer die self-de wees, dis ‘n moeder, dis iémand wat ‘n kind het, as jy my sou vra sal ek sê ma beteken altyd omgee, ma beteken jelly babies na ‘n teater ses-sie, ma beteken onvoorwaardelike liefde maak nie saak hoe kwaad ek haar kon maak nie.

My ma was ‘n vrou soos min, van duiwe skoue tot honde skoue daar was niks wat sy nie voor kans gesien het nie, sy het altyd ander se belange op die hart gedra en sou uit haar pad uit gaan vir die mense vir wie sy omgee. Die duiwe mense het vir haar soos familie geraak, dit wat ons ken as ‘n stok-perdjie was vir menige jare haar lewe, talle streek

Harry Munnik





Teel met
Birmingham Roller
Holle Cropper
Dutch Highflyer
Gros Mondain
Working Homer
Sel: 072 600 6919
e-mail: munnikharry5@gmail.com



November 2023

skoue, ‘n paar SA’s en meer duiwe dae en funksies as wat mens op 2 hande kan tel het sy gehelp reël en laat realiseer, of sy in die kombuis was of in die kantoor sy was altyd reg vir aksie.

Haar liefde vir frillbacks was iets om te aanskou en selfs na haar 1ste beroerte het sy nogsteeds kans gesien om hulle te beoordeel. Daar was in haar lewe baie goeie tye en self minder goeie tye maar sy sou altyd daar wees vir ander. Sy gaan ongelooflik baie gemis word en haar plek is leeg. Ek sal nooit vergeet watse groot voorreg dit was om die SA’s saam met haar te kon bestuur nie. Ek sal haar nooit vergeet nie. Die hemel is sowaar ‘n engel ryker nou dat sy daar is. My liewe ma, dankie vir die ma wat ma was, dankie vir al die liefde, omgee en grys hare wat ma vir ons toe gestaan het. Geniet die rus en ek hoop ma sal van daar bo af na ons kyk en glimlag.

Liefde

Juna





***Huldeblyk Elsabè van der Walt***

***Pieter Neethling***

Ai Els,

Hoe sê ons bye…….‘n Vriendin, van my oor jare. Jou kinders was nog klein en ek nog geen kind of kraai, net duiwe en ‘n vrou toe ek jul ontmoet, van eerste oomblik het ons ‘n “bond” gehad, vir my was jy ‘n suster en jou Chrisjan ‘n broer.

Saam het ons gegroei in ons vriendskap. Nooit was te laat te vroeg of te vroeg te laat. Jul het ons altyd ingewag vir ons kuiers van Duiwe Skoue, UK Vergaderings en sommer net kuier. Koffie was gemaak en ons het gekuier tot ons gemaan was om te gaan lê. Vroeg was alles reg en ons het geëet, gekoffie and gekuier. Jou spesiale breakfast, jou kompetisie ontbyt gereg met bacon en eier.

‘n Maand se groceries het jy gewen, ja so baie mense se harte het jy ook gewen, almal was so lief

SA Wattle Breed Club / SA Sponsduif Klub

S.A WATTLE CLUB

***President: Bertie Wessels***
***e-mail: bertie_wessels@hotmail.com***
***Sel: 083 733 4191***

***Sekretaris: Ds Hennie Hattingh***
***e-mail: henniehattingh703@gmail.com***
***Sel: 082 923 3910***

***Prestigeskou*** ***Augustus 2024***

***3de Saterdag van Januarie elke jaar in Kroonstad***



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

vir jou. Jou liefde vir jou mense was groot, hul het altyd in jou hart gelê.

Ons lawwe tye met lag was net vreugde en ons ernstige geselsies het in ons harte gebly, net vir ons.


Jou siekte het ‘n deel van jou kom steel, maar nog steeds het jy die vrou van die huis gebly. Ander was jou linkerkant en so het jy aanhou bak en brou. Gekook met hulp en trots was jy om kos op die tafel te sit. Altyd liefde in jou pot.

Jou liefde vir duiwe het wakker gebly so lank ek jou ken. Op duiwe skoue in Vrystaat het jy ingestaan as gasvrou en almal happy gehou, ete vir die dag, ‘n soetigheidtjie, chippie en ‘n koeldrank, pannekoek, ja alles wat almal happy gehou het.

Jou gees was goed, partykeer frustrerend, maar met hulp het jy vas gevat.
Jy het ons verskeie kere laat dink dit is die laaste van Els, maar het jy ons verras met ‘n herstel en ons almal moed gegee.

Maar die keer het jy nie weer herstel… my kans gegee om te kom groet en ek kon my laaste geselsie met jou hê.Geweet Liewe Jesus wag vir jou, weet nie of jy my kon hoor, maar vir my was dit genoeg om met jou te kon gesels. Jou kinders en kleinkinders het jou kom groet. Jou kinders het met jou gekuier vir die dag. Chrisjan en Elzaan was by jou toe jy jou laaste asem teug gee. Vir ons was dit seer, maar weet jy is veilig, veilig met Jesus.

Finale bye kon ons jou eer om by jou diens te wees. Ek het vir jou blomme gedoen, glo jy het dit geniet. Blomme wat ons weet jou gunsteling was.As vriend wil ek vir Chris en Elzaan en Corlia spesiaal dankie sê vir wat hul vir Els gedoen het. Ek waardeer jul vir jul besorgdheid vir haar, weet dit was nie altyd maklik nie. Jul was die mense om haar elke dag.
Jul het ‘n nuwe begin, maar onthou Elsabé sal in jul gedagtes hang. Met tyd sal ons gewoond raak aan die seer wat ons dra.
Elsabé jy moet sag rus, ons lief jou nog steeds!



## *Die vierde Beierse Kropperskou*

***Jan Lombard***

Saterdag oor drie weke (23 November) begin die Beierse Kropperskou in die Gäubodenhalle in die klein Duitse dorpie Straßkirchen (direk vertaal: straatkerk). Die eerste verwysing na die dorpie dateer uit die jaar 1140, meer as 500 jaar van Van Riebeeck in die Kaap voet aan wal gesit het!. Die skou is van 8vm tot 4 nm op die Saterdag en van 8vm tot 2nm op die Saterdag oop vir die publiek. Dis DV vanjaar my voorreg om die skou by te woon. Ten syte van sy ouderdom is Straßkirchen steeds bitter klein, met geen hotel nie. Volgens Wikipedia het die populasie in Desember 2023 slegs 3521 mense beloop – wat die omgewing (distrik in ons terme) insluit. Die meeste vertoners gaan in een van die omliggende dorpies tuis. Dit is gelukkig geen probleem nie, want in die Duitse platteland kan ‘n mens baie maal een of meer buurdope sien vanuit ‘n ander dorp sien. Ek gaan tuis in Hotel Liebl in die dorpie Plattling. Plattling is ongeveer ’n uur en ‘n half per trein vanaf Munich, waar my vlug via Dubai land. Hopelik kan ek ’n saamrygeleentheid kry tussen Plattling en Straßkirchen. Andersinds sal ek die trein neem vir die 12km – 16 minute rit. My hotel is oorkant die pad van die treinstasie – doelbewus so gekies.

‘n Rekordgetal van 2555 kroppers van 27 verskillende rasse is ingeskryf. Die waarna ek die meeste uitsien om te sien is die Lower Bavarian Kroppers en die Essenbacher Kroppers. Eersgenoemde ras kom voor in die twee Gimpelkleure swartvlerk-kop-

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

er en swartvlerk-goud. Die Essenbacher is gemerk soos 'n Fullhead Swallow – wit met 'n gekleurde helmet, gekleurde vlerke met 'n wit hart oor die skouers asook 'n wit stert. Dit het 'n klein goed gedefinieerde skulpkappie wat en klein rossete eindig. Ek is veral opgewonde omdat die skeppers van beide rasse op die skou teenwoordig gaan wees.

Hier volg 'n lys van die rasse met inskrywingsgetalle tussen hakkies: Brunners (1083), Stellers (280), Bavarians (80), Hana (70), Lower Bavarians (18); Pommeranians (141), Saxons (128), Hessians (48), Norwich (147), Steigers (36), Silesians (240), Voorburg (123), Essenbacher (3); Swiss (10), Lille (16), Pigmy (8), English Giant (12), Reversewing (18), Aacheners (12); Marchenero (2); Starwitzer (28); Thuringers (12) Old germans (17); Marishe Whiteheads (3); Elsters (6), Holles (6) en Franse (4).

Die meeste vertoners is uit die aard van die saak Duitsers, met enkelinge uit Holland en Belgie. Wanneer dit egter by die Brunners kom, is daar 'n redelike aantal vertoners uit die Tjegiese Republiek. As my beeldjies vinnig verkoop, is daar hopelik genoeg tyd vir foto's. 'n Week na die skou, gaan ek saam met my Duitse vriend na 'n klein ('n paar honderd inskrywings) plaaslike skoutjie in die dorpie Wachenbuchen en die week daarna na die GROOT wereldbekende Lipsia skou in Leipzig. Ek kan nie wag nie – soos 'n kleintjie vir Krismis!!!

Julle kan meer lees op die volgende website: https://rassegefluegel-gaeuboden.de/ Gebruik die "translate" opsie regs bo op die skerm om die Duitse teks in Engels te lees.

Hieronder is fotos van die binne- en buitekant van die Gäuboden saal.








## *Huldeblyk aan Wyle Hennie Visagie*

***At van Jaarsveld***

Gebore: 11 November 1942
Oorlede: 28 July 2024

Wyle Hennie Visagie en Rina was amper 55 jaar getroud, uit hul huwelik is 3 kinders en 3 agterkleinkinders gebore.


Hy was lief vir Rina, Kinders en agterkleinkinders. 2003 Ontmoet ek vir Hennie tydens Oos Transvaal Algemene Jaarvergadering, aan huis van wyle Naas du Preez. Baie lekker gesels veral toe ons besef ons was jare saam in dieselfde beroep.

Ons sal Hennie nie vergeet nie. Hy was n goeie vriend van al ons lede van Oostelike Steek, altyd positief veral met opslaan van skouhokke destyds in Ermelo. Hennie en Pieter Lourens kon in een dag die saal skou gereed kry.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Wyle Hennie was n duiweboer by uitstek, n man wat n oog gehad het vir goeie duiwe.  Sy ras was egter Norwich Kroppers. Vra hom of hy kleintjies gebroei het wat potensiaal toon sou hy ewe beskeie se daar is n paar wat nie sleg lyk nie. Net om die volgende jaar die Top 7 te haal.



Hy het die voorliefde gehad vir swart Kroppers, Hy het verskeie Streekskoue gewen, ook n kampioen duif op die SA's!

Hennie en ek het nog die Saterdag met mekaar gesels, vertel dat sy nuwe duiwehokke gebou is en hy sy ringe ontvang het. Hy het werklik uitgesien na die nuwe broeiseisoen.

Wat n skok toe Rina skakel en se Hennie is Sondag in sy slaap oorlede, Hennie wat altyd so gesond was en op 82 jarige ouderom nie 'n pil gedrink het nie.

Al is hulle nie meer met ons nie is daar spesiale mense wat ons altyd sal onthou.  Hennie - Oostelike Streek sal jou onthou. Ons groet jou. Rus in Vrede.

Birmingham & SA Distance Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Huidiglik vakant

Augustus 2024



***Kersfees het in die hart van God ontstaan. Dit word alleen vervul as dit die hart van die mens ook bereik.***

***Hoop is om die melodie van die toekoms te hoor.***
***Geloof  is om nou reeds op maat daarvan te dans***

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R1000 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R1000 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

1. **Book of Standards R280 each**
2. **SAFPA ties (Navy blue) R120 each**
3. **SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**
4. **SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**
5. **SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**
6. **Metal Member & Judges scrolls R50 each**
7. **National pocket badges (Green) R70 each**
8. **National Honour scrolls (Green) R30 each**
9. **National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**



## Score board

**Bank OFS Shield**

| | |
|---|---|
| **1. Western Transvaal:** | **1940** |

**Manie Fourie Trophy**

| | |
|---|---|
| **1. North-of-the-Vaal:** | **1752** |
| **2. Northern Freestate:** | **1602** |
| **3. South Western Districts:** | **1070** |
| **4. Eastern Province:** | **1038** |
| **5. Northern Cape:** | **950** |
| **6. Western Cape:** | **750** |
| **7. Freestate:** | **600** |
| **8. KwaZulu-Natal:** | **0** |
| **9. Eastern Region:** | **300** |

**Bertie Wessels Trophy**

| | |
|---|---|
| **1. North-of-the-Vaal:** | **0** |
| **2. Freestate:** | **0** |
| **3. Northern Freestate:** | **0** |
| **4. Northern Cape:** | **0** |
| **5. Western Transvaal:** | **0** |
| **6. Western Cape:** | **0** |
| **7. KwaZulu-Natal:** | **0** |
| **8. South Western Districts:** | **0** |
| **9. Eastern Region:** | **0** |
| **10. Eastern Province:** | **0** |

**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**